Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2012/13

Annual report of the Arts Association Stellenbosch 2012/13

Die kunsvereniging het weereens ‘n besige jaar met ‘n suksesvolle program beleef. Die jaar het afgeskop met ‘n ledebyeenkoms op 29 Februarie 2012. Dit is gevolg deur ‘n **begeleide toer** op 21 Maart 2012 aangebied deur Di van Niekerk en France Beyers, beide lede van die Vereniging, om die openbare kuns wat deel vorm van die Stellenbosch20 beeldhouwerke en muurpanele in Stellenbosch, te besigtig en te bespreek Die deelnemende kunstenaars wat deur die Stellenbosch Opelug Beeldhou Trust (SOST) gekies is, is toonaangewers in die hedendaagse Suid-Afrikaanse beeldhoukuns.

Die **ledebyeenkomste** op Woensdagaande waar daar telkens interessante lesings deur kundige sprekers aangebied is, het groot byval geniet. Aanbieders is meestal kunshistorici, kurators, kunsjoernaliste, en kunstenaars. Daar was altesaam 9 ledebyeenkomste (die onderwerpe hieronder word vermeld in die taal waarin dit aangebied is):

Stella Viljoen	29 Feb	Art is as art does
Andile Dyalvane	28 Mar	Passion as the Purpose
Stefan Hundt	25 Apr	Public and Private Collecting in an Environment of Cultural Indifference
Louis Esterhuizen	30 Mei	Die Kreatiewe Interaksie tussen Poësie en die Akwarel
Jaques Vrey	25 Jul	Meet the Artist / Ontmoet die Kunstenaar
Johan Cilliers	29 Aug	Die kuns van kyk
Film: Midnight in Paris	31 Okt	Film viewing followed by discussion led by Dirkie Offringa
Willem Pretorius	2 Nov 11	Leonardo Da Vinci en die kuns van bonsai
Keith Dietrich	28 Nov 12	Fragile histories

The talk held on 31 October was an art talk with a difference as members had the opportunity to enjoy Woody Allen’s romantic comedy, Midnight in Paris – they met authors and artists such as Ernest Hemingway, Scott Fitzgerald, Gertrude Stein, Pablo Picasso, Salvador Dalí, Henri Matisse and listened to the music of Cole Porter. Another members’ meeting with a difference was held in Somerset West at the studio of Jaques Vrey, one of the Association’s artist members. He gave an interesting talk about the development of his career from town planner to artist.

A five day lecture series was presented by the well known art historian and art lecturer from East London, Barry Gibb, from 7 May until 11 May 2012 with ***The Art Deco Years, 1920s – 1930s*** as subject. The 32 attendants enjoyed his wit and ease of delivery. Also as part of the art appreciation activities a visit to Spier Wine Estate to view an exhibition of mosaics in the tasting room was offered by Liani van der Westhuizen, manager of Spier Academy and Spier Architectural Arts.

Werkswinkels in teken en skilder is aangebied deur Marieke Kruger. Met elke kursus is een of twee talentvolle lede uit die gemeenskap deur die Vereniging geborg om daaraan deel te neem:

Marieke Kruger	18 Feb – 17 Mar	Skilder – Kreatiewe blok met herinneringe
Marieke Kruger	20 Mei – 16 Jun	Teken - Figuurstudies

'n Verdere hoogtepunt was soos altyd, die **jaarlikse ledeuitstalling.** Dit was 'n besondere geleentheid vir kunstenaarslede aangesien dit in die Sasol Kunsmuseum gehou is om die 21ste verjaardag van die Eben Dönges Sentrum te vier. Hierdie prestige uitstalling, het onder die kuratorskap van die Universiteitsmuseum, Universiteit Stellenbosch, plaasgevind en ongeveer 120 werke van lede is vertoon. Die gasspreker was Stellenbosch se Onderburgemeester, mnr Martin Smuts. Die Vereniging bedank graag die borge Engel&Völkers, Distell en Copy Studio.

Thanks to Hettie de Klerk, an Executive Committee member, the holiday workshops for younger children presented during the April and October 2012 school holidays were extremely popular. These were presented at the Idas Valley, Cloetesville and Jamestown libraries and the librarians have already requested a follow-up. The following workshops were offered:

Lenie Harley	2 en 4 April	Idasvallei Biblioteek	Selfportrette
Nelis Koegelenberg, Naomi Botha, Corli de Kock	2,4 en 5 Okt	Cloetesville Biblioteek Jamestown Biblioteek Idasvallei Biblioteek	Collage Kaartjie-ontwerp

As deel van ons **uitreikprojekte** is daar op 1 September 2012 'n portretskilderdag gehou waartydens plaaslike kunstenaars in aksie voor Kunssentrum PJ Olivier in aksie te sien was. Die inisieerder van hierdie geleentheid was Fawa Conradie, een van die vereniging se UK-lede. Die portrette is op 26 September tydens 'n geselligheid by Lanzerac Hotel en Spa opgeveil. Al die werke is verkoop en te danke aan die kunstenaars wat deelgeneem het, kon die Kunsvereniging die opbrengs van R34 997 aan Huis Horison skenk. Die kunstenaars wat deel geneem het en aan wie die dank verskudig is, was: Theresa-Jo Wessels, Tessa, Jeanne Hendricks, Marie Stander, Jaq Vrey, Marieke Kruger, Evelyn Rust, Mila Posthumus, Maryna de Witt , Vernon Fourie, Anne-Marie vd Westhuizen, Corlie de Kock, Annelise Potgieter, Isabella Kuijers, Tisa Breytenbach en Jean Veassey

Die Kunsvereniging het vanjaar Nasionale Lotery fondse van die Suid Afrikaanse Nasionale Vereniging vir Visuele Kunste (**SANAVA**) ontvang vir opleiding in kuns of kunsvlyt van talentvolle volwassenes. Die projek is aangepak in samewerking met Stellenbosch Munisipaliteit. Lenie Harley het twee kursusse in syskerm drukwerk aangebied, een by Kayamandi Corridor en een by Idasvallei Biblioteek. Die resultaat was die druk van T-hemde met motiewe wat hulle self ontwerp het. As deel van die Nasionale Lotery projekte het Marieke Kruger skilderklasse by Idasvallei Biblioteek aangebied.

Stellenbosch Arts Association is a member of the newly restructured **Stellenbosch360**. Recently they established a new Centre for Entrepreneurship that is dedicated to the promotion and marketing of products of local craftsman. The Association will collaborate with them in assisting the trainees of the above mentioned outreach initiatives to market their products.

Die **finansiële state** van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind. Na 'n vinnige groei in die beginjare van die vereniging, bly ons ledetal konstant en het aan die einde van 2012 op ongeveer 170 lede gestaan. Die ongeveer 28 geborgte persone betaal geen ledegeld nie.

Die **hoofborg** van die Vereniging wat dit mootlik maak om die genoemde projekte en die administratiewe take van die Kunsvereniging te behartig en om lede van die gemeenskap en kinders te

borg om werkswinkels by te woon, is Het Jan Marais Nationale Fonds. Die vereniging se opregte dank gaan aan die Fonds.

Die Voorsitter dank die Uitvoerende Komitee vir hulle onbaatsugtige bydraes en diens aan die Vereniging, asook die Stellenbosch Universiteitsmuseum en die Kunssentrum PJ Olivier vir hulle gewaardeerde samewerking en ondersteuning.

Margot Steyn

Voorsitter	Chairperson
Kunsvereniging Stellenbosch	Arts Association Stellenbosch